24 Oktober 2021

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Markus 10:46-52

wat wil jy vandag **bereik?**

Jesus hoor ons, al het ons niks in ruil om vir Hom te gee nie.

ons **storie:** waar is ons nou?)

Hoe weet jy wanneer iets goedkoop, duur of billik kos?

Hoe kry jy 'n winkeleienaar of 'n verkoopspersoon se aandag?

Luister God beter na party mense as na ander mense? Wat dink julle?

GOD se **storie**

wat sê die Bybel (daar en dan)

Lees **Markus 10:46-52** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Laat een persoon met haar/sy rug na die res van die groep toe staan. Hy/sy kan die res nie sien nie. Een van julle moet dan liggies op die persoon se een skouer tik. Dan moet hy/sy raai wie dit was. Elkeen kry 'n beurt om die "blinde" persoon te wees.

Die vraag is: Hoe het Bartimeus geweet Wie Jesus was? Bartimeus en Petrus was die enigste twee mense wat gesnap het Jesus is die Seun van Dawid.

gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Manie Muisenberg jou om oor die teks te dink?

Hoekom maak die mense die blinde bedelaar stil? Wat sou jy gedoen het as jy een van Jesus se dissipels was en die man skree so langs die pad?

Hoekom stop Jesus? Wat het die man om vir Jesus te gee?

Jesus sê vir Bartimeus hy kan maar gaan. Maar hy gaan nie. Hy kom agterna. Hoe verstaan ons dit?

ons **nuwe storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Hoe kry ons Jesus se aandag?

Bespreek: "Volgelinge van Jesus weet hulle het niks om te gee nie, maar dit vra alles van jou."

Bartimeus word genees. Én hy word geroep. Hoe roep God jou vandag? Wat wil jy uitroep?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Bartimeus sê: "Wees my genadig." Vra saam vir Jesus om julle genadig te wees.

Bid wat op julle hart is.

Antwoord op Jesus wat julle roep om Hom te volg.